**Wouter van Wyk – Rata Ride for a Child Équipe-lid**



Ongelukkig is daar kinders wat nie in 'n liefdevolle ouerhuis grootword nie. Daar is kinders wat vasgevang word in konflik tussen hulle ouers, of in konflik tussen een ouer en 'n stiefouer. Daar is kinders wie se ouers hulle glad nie versorg nie, en duisende kinders wat in ouerlose huise grootword. Daar is baie kinders wat net nie genoeg kos kry nie, wat fisies seergemaak of geestelik afgebreek word. Daar is kinders wat slagoffers word van drank- en dwelmmisbruik, en kinders wat fisies misbruik word.

Rata is Tswana vir *liefhê*. Rata Maatskaplike Dienste is 'n organisasie wat vir sulke kinders intree. Rata se professionele maatskaplike werkers gaan besoek hierdie kinders, stel verslae op en gryp met die hulp van die howe in om sulke kinders te beveilig. Rata vind pleegouers en veilige huise vir sulke kwesbare kinders en verskaf aan hulle kos, klere, skoolbenodigdhede en geestelike begeleiding. Rata bring hoop aan kinders wat andersins aan 'n ongenadige wêreld oorgelaat sou wees.

Maar Rata se werk word ernstig bedreig deur onbestendige subsidies van die staat en provinsiale departemente van maatskaplike ontwikkeling. Die vraag is: As die staat sy plig versuim, kan ons anderkant toe kyk?

Ek ry die Munga om Rata se werk ten bate van weerlose kinders te ondersteun. Die Here het my geseën: ek het grootgeword in 'n liefdevolle ouerhuis en ek is gesond. Ek kan een week van my lewe opoffer om 'n uitmergelende uithouwedren ten bate van Rata te ry. Ek skenk R1000 aan Rata sodat hulle kinders in nood kan help. Ons soek nog 'n duisend mense wat elkeen R1000 vir Rata sal skenk om kwesbare kinders te help.

Is jy een van die duisend wat Rata help om kinders te help?

**Martin Meyer – Rata Ride for a Child Équipe-lid**



Ek neem hierdie jaar aan die Munga Équipe (span) deel. My motivering daarvoor is dat ek altyd bewus was van die Munga en nogal baie avontuurlustig gedink het dit sal lekker wees om op een of ander stadium daaraan deel te neem. Ek het nog nooit gedink dat ek dit regtig sal deurvoer nie. Toe dit hierdie jaar oor my pad kom was dit vir my nogal 'n groot uitdaging gewees en daarom is ek baie opgewonde om daaraan deel te neem. Aan die ander kant is ek ook maar baie vreesbevange.

Ek dink die groot rede waaraan ek aan die Munga wil deelneem is dat, as ek op 'n beskeie manier kan regkry dat ons fondse kan insamel vir Rata en Ride for a Child dan sal dit vir my wonderlik wees. Ek dink die werksaamhede wat ingesit word om kinders te help wat in baie moeilike omstandighede is, kan wonderlik wees en as ek deur middel van deelname aan die Munga kan voorsien om daardie fondse in te samel, is dit baie positief. Die Munga is 'n wedren wat op 'n mens se siel inwerk en mens is baie van jouself bewus. Daarom voorsien ek ook dat dit 'n groot ondersoek gaan wees

na wat mens in jou eie lewe beleef en deurmaak.  Ek hoop dat almal wat hierdie lees ook daaroor opgewonde sal wees en dat hulle ook ondersteuning sal gee vir hierdie goeie saak.

**Schalk Zastron – Rata Ride for a Child Équipe-lid**



My naam is Schalk Zastron.  Ek is 'n predikant van die Hervormde Kerk en ek ry vir Rata se Munga Équipe (span) hierdie jaar.  Ons doel is om juis fondse in te samel vir hierdie maatskaplike werkers in die besondere werk waarmee hulle besig is, om te help befonds, om te help ondersteun en uiteindelik om self bewus te raak van wat die uitdagings is, die moeilikhede waardeur baie van ons kinders moet beweeg.  Soos wat ons met hierdie Munga, vir die eerste keer, alleen gaan ry, baie ver gaan ry in verskriklike hitte gaan moet vasbyt en op ons eie insigte en geloofsvertroue moet staatmaak, so is dit ook vir baie van ons kinders, wat op hul eie moet worstel en werk en swoeg om deur hierdie wêreld se omstandighede te kom.  Met slegs hul eie insigte en hulle geloofsvertroue om hulle deur te trek.  Ons hoop en glo dat hierdie 'n besondere ervaring sal wees en dat daar pragtige en goeie vrugte uit hierdie inisiatief sal groei.

**Chris Reyneke – Rata Ride for a Child Équipe-lid**



In die begin van die jaar het my vriend en spanbestuurder my genader met die versoek om vir RATA aan die Munga Équipe wedren deel te neem. Ek het ingestem aangesien ek vir 44 jaar 'n sportman is wat hou van uitdagings en die Munga Équipe gaan beslis my grootste uitdaging tot op hede wees. Ek het nog nooit 251km in een skof gery nie. Dan is dit natuurlik ook 'n voorreg om vir Rata Ride for a Child te ry. Kinders is baie na aan my hart en veral mishandelde kinders. Ek vertrou dat my deelname sal help om die kinders se lewens te kan verbeter

**Alphonso Theron – Rata Ride for a Child Équipe-lid**



I entered the Munga 2023 to fulfil a bucket list dream.  Riding for a purpose, I took hands with Rata, a registered welfare organization, taking care of abused and neglected children.  This is how the Rata Ride for a Child project came about.  The purpose of the project is to raise R1 000 000 by participating in ultra endurance cycling events like the Munga.  Therefore the challenge: come ride 1135km with the team or donate R1000 towards Rata.

After my disastrous Munga effort in 2023, when I had to withdraw due to a serious knee injury, I became the ambassador for the Ride for a Child project, with the aim to still raise R1 000 000 for Rata.

In 2024, I convinced Annatjie van Wyk to become part of the Ride for a Child project as she is also an avid endurance cyclist. By doing so she also became an ambassador for the project.

In the beginning of 2025, I challenged a good friend of mine, Wouter van Wyk, to enter a team of NHKA ministers (*Hervormde predikante*) for the 2025 Munga Équipe relay race which coincide with the Munga main solo event. This seems to be too big a challenge for many ministers, as he could only convinced two of them to participate. Myself and another cycling buddy, Chris Reyneke, opted in to complete the team. Chris is 70yrs old, a super cyclist and an excellent example of a dedicated cyclist.

2025 will thus be a huge effort for the project as we have 2 solo riders and the Équipe (team) taking on the Munga Monster Challenge for Rata.

Don't let our efforts be in vain, please join our Facebook page, Rata Ride for a Child and become part of the family. Be one in a thousand. Come ride with or donate R1 000 for a good cause.

**Riaan Loots – Munga soloryer**



Dié jaar gaan my tweede Munga wees nadat ek in 2023 my eerste voltooi het. Dit was regtig 'n uitdaging, net soos dié een ook gaan wees. Jou emosies ry wipplank van hoog na laag – die een oomblik is jy op moedverloor se vlakte en dan staan jy weer op Everest se pieke, later wil jy huil en dan weer jubel omdat jy geseën en bevoorreg is om die ren mee te maak. In die verlede het ek verskeie kere per fiets vanaf Zambië na Malawi getoer. Ons het arm gemeenskappe gesien en ontmoet, maar tog was hulle tevrede met dit wat hulle het, het hulle in vrede met mekaar geleef, mekaar ondersteun. Weerlose en mishandelde kinders het nie dié ondersteuning nie. Hulle is ook emosioneel, onseker, ervaar pyn en lyding, net soos ons op die Munga. Rata wil die verskil wees, liefde gee, 'n gemeenskap wat omgee en stabiliteit verskaf. Vir al dié redes ry ons die Munga solo en as span (*équipe*), vir Rata en die kinders. Help ons om hulle te help.

**Annatjie van Wyk – Munga soloryer**



Why the Munga? And why am I doing it for Rata?

This year, I will again be riding the Munga MTB race for a reason that goes beyond the thrill of the ride.

This grueling, single-stage mountain bike race spans approximately 1130 kilometers across the arid and relentless

terrain of South Africa, from the heart of Bloemfontein to the finish line in Wellington, Western Cape.

Riders have just five days to complete the course, pushing their physical and mental limits by cycling through day and night, managing minimal sleep, and enduring the extreme heat and brutal winds of the Karoo in summer. It is a test of survival, resilience, and the sheer will to keep moving forward when every part of your body wants to stop.

But for me, this race is more than a personal challenge or a "bucket list" event. It is a pilgrimage with a purpose, a journey of endurance inspired by a far greater fight: the fight to protect some of South Africa's most vulnerable children.

The physical pain and extreme exhaustion I will face over those five days pale in comparison to the daily struggles and trauma that abused and neglected children endure in their young lives. My sleepless nights and aching muscles are a voluntary hardship, a small reflection of the relentless battle these children face every day just to feel safe and cared for. Every pedal stroke, every mountain conquered is an opportunity to transform my personal effort to help Rata continue their critical work.

Knowing that every kilometer I cover has an impact on others is a powerful motivator to keep going when the road gets tough. It gives my Munga journey a profound meaning that goes beyond the finish line.

I invite you to be a part of this mission. Your support will make a meaningful difference to the lives of children who desperately need it. Together, we can help Rata provide the love, care, and new beginnings that every child deserves.

Follow my journey, send your encouragement, and most importantly, help me make a real difference in the lives of these brave children. Thank you for your support.